



## Sola Scriptura – Oorsprong en outoriteit

Die term *Sola Scriptura* dateer uit die tyd van die kerklike reformatie in die 16de eeu, toe die hervormers dit in hul stryd teen dwalinge van die Roomse Kerk gebruik het. Die term stel die alle institusies en die tradisies van die kerk ondergeskik aan die Woord van God.

Binne Protestantse geleere is die misverstaan van die beginsels van *Sola Scriptura* (opsetlik of nie) waarskynlik die mees algemene oorsaak van baie van die moderne dwalings. Hoe ons die Skrif beskou, sal bepalend wees vir beide ons interpretasie sowel as ons gehoorsaamheid daaraan.

Wat bedoel ons werklik met die begrip *Sola Scriptura*? 'n Direkte vertaling van die Latyn sou beteken "Alleen die Skrif". Dit is nie 'n aanspraak dat die Skrif alle kennis oor alle sake bevat nie. Oor baie wetenskaplike sake soos die struktuur van DNS of genetiese diversiteit is daar niks in die Skrif te vinde nie. Dit is ook nie 'n volledige bron met woord-voor-woord aanhalings van alle leringe van Christus of die Apostels nie. Dit beteken dat alles wat nodig is vir ons saligheid vervat is in die Skrif. Wat die Skrif sê is egter "meer seker" as enigiets anders. – dit is die hoogste outoriteit oor enige saak wat daarin aangespreek word; alles wat nodig is, alles wat God van ons vereis is vir ons daarin gegee.

Om hierdie sekerheid in die inhoud van die Skrif as beide enigste (en hoogste) gesag te hê, moet ons sekerheid hê oor die bron (outeurskap) daarvan. Ons glo

dat alhoewel die Skrif deur mense geskryf is, is God die primêre outeur daarvan. In 2 Petrus 1:20-21 lees ons: "*Dit veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig.*" Hieruit is twee sake duidelik – eerstens die Skrif (Bybel) is God se wilsbesluit – God self het dit vir ons geskenk. Tweedens sien ons dat beide die **inspirasie** sowel as die **interpretasie** daarvan afhanklik is van die werking van die Heilige Gees.

Ons sien **inspirasie** tipies as 'n *eksterne* "vonk" om jou eie *interne* kreatiwiteit te laat ontwaak. Dink maar aan 'n kunstenaar wat 'n mooi toneel sien en gebruik as inspirasie vir 'n skildery of om lirieke te skryf vir 'n nuwe lied. Hierdie is egter nie die tipe inspirasie wat betrokke was by die skryf van die Bybel nie. Die begrip inspirasie wat betref die Skrif word goed toegelig deur 2 Timoteus 3:16-17 "**Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.**" Alhoewel Paulus met die skryf van hierdie gedeelte na die Ou-Testamentiese kanon verwys het, is dit ook van toepassing op die hele Bybel. Die Griekse woord wat hier met *geïnspireer* vertaal word, is θεοπνευστος (theopneustos). Letterlik kan dit vertaal word as "God-geasem"

(Theos = God; pneo = asem/blaas). Hier praat ons dus van die werk van die Heilige Gees - nie slegs as inspirasie wat die skryf aan mense oorlaat nie, maar as gewer van die teks self. Die 1953 Afrikaanse vertaling van 2 Timoteus 3:16 lui: “Die hele Skrif is deur God ingegegee...”. Die uiteindelijke oorsprong van die Skrif se teks is dus God self.

Ons glo egter nie aan 'n suiwer meganiese inspirasie nie. – waar God sy Woord letterlik gedikteer het en die skrywers self geen rol gespeel het en maar slegs instrumente was wat direk God se wil en Woord neergepen het nie. Die begrip inspirasie word hier gebruik met die bedoeling dat - die Heilige Gees besit geneem het van mense en dat Hy hulle geïnspireer het om te skryf wat hulle geskryf het – nie uit hulself nie, maar die ware Woord van God. God het nie net mense laat reageer op sy inspirasie deur met hulle eie insigte in verbeelding hulle siening oor God en wat Hy doen neer te skryf nie. Dit is duidelik dat God hulle gelei het om seker te maak dat dit Sy Woord is wat neergeskryf word. Alhoewel die metode nie duidelik is nie, - en alhoewel die skrywers se persoonlikhede in die boeke en briewe duidelik na vore kom, is dit steeds die direk “God-geademde” Woord van God – waar God self toesighoudend was in die neerpen van Sy Woord.

Ons glo wel dat die inspirasie **woordeliks** is – die leiding en toesighouding van die Heilige Gees is sodanig gewees dat dit op die spesifieke woorde wat gebruik is van toepassing is. Die inspirasie van die Bybel is nie slegs op die breë riglyn van die verhaal van

toepassing gewees nie, maar tot elke woord van die Skrif. Ons lees in Matteus 5:18 waar Christus sê: “*Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letter of letterstrepie van die wet sal wegval voordat alles voleindig is.*” Dit beteken dat daar nie 'n oorbodige, onnodige of foutiewe woord in God se wet is nie – dit los geen ruimte vir interpretasie nie. Dit is juis daarom dat die wetenskap van tekstkritiek (en ons tref hier 'n duidelike onderskeid tussen TEKSkritiek en SKRIFkritiek!) so belangrik is om die oorspronklike manuskripte se bewoording en woordbetekenisse na te vors - omdat elke woord opsigself Goddelik geïnspireer is.

Aanhangers van Rudolf Bultmann se teologie verwerp egter die suiwer Calvinistiese verstaan van die inspirasie van die Bybel. Die Bybel word deur hulle gereduseer tot 'n literêre bron waarin gebeurtenisse van teologiese belang opgeteken is. Neo-ortodokse aanhangers van Bultmann glo dan ook in 'n “dinamiese” verstaan van die Bybel - waar dit eers die Woord van God word as daar 'n innerlike, subjektiewe, menslike respons met die aanhoor daarvan is. Die opgetekende gebeurtenisse moet dan volgens hulle geïnterpreteer word om God se “bedoeling” daarmee te probeer verstaan. Hiermee word die Bybel gereduseer tot menslike “Woorde OOR God”.

Die Bybel gee nie slegs rekord van historiese gebeure wat ons dan moet interpreteer nie, maar ook die outoratiewe en apostoliese, profetiese betekenis daarvan. Die kruisiging van

Christus is nie slegs 'n historiese gebeurtenis wat elkeen self kan interpreteer (metafories of histories) nie, maar is 'n kosmiese daad van skuldverlossing en regverdigmaking waar daar aan God 'n versoeningsoffer gebring was om aan Sy geregtigheid te voldoen.

God het wel vroeër sy woord en boodskap op verskeie maniere aan sy volk en gelowiges bekend gemaak (Hebreërs 1:1-2 *“In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak”*). Ons glo egter aan 'n geslote kanon wat alles wat nodig is vir ons verlossing en redding bevat en wat God se wil en opdragte aan ons volkome weergee. Ons glo - dat in hierdie laaste dae God deur Sy Woord met ons spreek en dat Sy Woord volkome en voldoende is. Deuteronomium 4:2 *“Moenie iets byvoeg by wat ek julle beveel nie en moet ook nie iets daarvan wegvat nie, maar gehoorsaam die Here julle God se gebooie wat ek julle gegee het.”*; Deuteronomium 12:32 *“Elke gebod wat ek julle beveel het, moet julle gehoorsaam en daarvolgens moet julle lewe; julle mag daar niks bysit en niks daarvan wegvat nie.”*; Openbaring 22:18-19 *“Ek betuig aan almal wat die woorde van hierdie profetiese boek hoor: As iemand iets hieraan byvoeg, sal God vir hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is; en as iemand*

*een van die woorde van hierdie profetiese boek wegneem, sal God sy deel aan die boom van die lewe en aan die heilige stad wegneem waarvan in hierdie boek geskrywe is.”*

Ons het nie nuwe openbaringe of profesieë nodig nie, ons het nie verborge kennis nodig nie ons het reeds God se Woord en die teenwoordigheid van Sy Gees! Korintiërs 13:8 *“Die liefde vergaan nooit nie, maar die gawe van profesie sal verdwyn, die gawe om ongewone tale en klanke te gebruik, sal ophou, en dié van kennis sal uitgedien raak.”*

*Sola Scriptura* staan sentraal in ons verstaan van die kerklike hiërargie. Christus is die hoof van Sy kerk – as sodanig is Sy Woord die hoogste gesag sowel as die maatstaf waaraan ons alle ander kerklike sake moet meet. *Sola Scriptura* beskerm ons teen die opheffing van belydenisskrifte of ander menslike dokumente en tradisie tot die vlak van Skrifoutoriteit. *Sola Scriptura* moet ook in terme van ons gehoorsaamheid aan God gesien word – dit is God se Woord, Sy opdragte aan ons. Omdat God heilig en onveranderlik is, is Sy Woord ook. Omdat God volmaak is, is Sy Woord ook volledig en foutloos. Omdat God regverdig is, het Hy ons Sy Woord gegee dat ons kan leer wat Sy wil is. Omdat God genadig is, het Hy Sy verlossingsplan vir ons in Sy Woord aan ons gegee.

- JdR (jaco@geloofsbond.org.za)